

13 Januarie

Hosea 2:13-22

(Teks 2:14)

'n Deur van hoop na 'n nuwe toekoms

Wanneer jongmense mondig word, gee ouers dikwels aan hulle 'n sleutel. Dit is simbool daarvan dat hulle nou die deur van hoop op die toekoms kan oopsluit en vorentoe kan beweeg. Maar geen ouer het die sekerheid dat sy kind sonder pyn en hartseer deur die lewe sal gaan nie. Dalk wag daar vir jou kind ondenkbare smart en lyding in die lewe... Maar ten spyte hiervan gee die Here aan ons, wat soms in die laagte van moedeloosheid mag val, 'n deur van hoop na 'n nuwe toekoms! Hosea sê in 2:14: *"Ek sal die Akorlaagte 'n deur van hoop na 'n nuwe toekoms maak..."*

Wat was die Akorlaagte? Dit was die plek waar Akan en sy hele familie met klippe doodgegooi is. Want Akan het van die Here gesteel toe Jerigo verower is. Akorlaagte is die simboliese plek waar moedeloosheid en dood oor ons kom. Maar na die sonde, deur die steniging van Akan uit die volk uitgesny is, open God vir hulle weer die deur na die res van die beloofde land. So word die Akorlaagte 'n deur van hoop. En dit net op grond van God se liefde!

In ons persoonlike lewe gaan ons dikwels deur 'n soort Akorlaagte wanneer ons teleurstelling ervaar. Ons kom soms in die laagte van moedeloosheid en weet dan nie hoe ons daaruit kan kom nie.

Maar die blye boodskap is: Jesus gaan in ons plek in die Akorlaagte van ons lewe. Hy sterf en word begrawe en sy lewe word met die groot grafklip toegesluit. Daar is skynbaar geen uitkoms nie. Die deur na die lewe is afgesluit. Hy is alleen in die Akorlaagte. Maar dan breek Hy met die krag van sy Godheid 'n deur van hoop vir ons oop.

Vandag sê God nie net vir mondiges nie, maar vir almal wat vas is aan Christus: "Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie." Dit is 'n deur van hoop na 'n nuwe toekoms waardeur ons weer met nuwe blydschap kan gaan.

Sing Psalm 118:14

Dr. BJ. de Klerk (Potchefstroom-Noord)